27 Junie **Skrifgedeelte: Efesiërs 3**
Fokusgedeelte: Efesiërs 3:14-21

Here, vervul u kerk met krag, liefde, kennis en volheid

Paulus is so verwonderd oor God se krag dat hy op sy knieë voor die Here staan. Hy bid nog steeds in hierdie brief. En skielik onderbreek hy sy gebed om nog ‘n wonder te beskryf. God se geheim van al die eeue is bekend: Mense uit alle volke kan deel wees van sy volk. Paulus moet die geheim bekend maak en selfs die goeie en slegte geestelike wesens sal hieroor verstom staan (3:1-13). Dan sak hy dieper op sy knieë voor die Vader aan wie alles en almal hulle bestaan te danke het. Hy bid vir die kerk. Bid saam met hom hierdie gebed vir jou gemeente en alle kerke oor die wêreld. Hy bid dat God deur sy Gees krag sal gee, want kerkmense moet innerlik sterk wees. Here, laat saam met hierdie versterking Christus in ons woon en ons harte regeer. Die gebed word inniger: Here, laat ons in die atmosfeer van liefde ons wortels inslaan sodat ons liefde kan opsuig in ons bestaan – dié liefde van die Vader wat so groot is dat Hy sy Seun aan ons gegee het. Leer ons tog hoe omvattend Christus se liefde is. Laat ons dit meer en meer saam met medegelowiges ontdek. En dan die ernstige: Vervul ons met u volheid. Laat ons vervul word met u Heilige Gees, sodat ons u beeld in alles kan uitstraal. Wie só bid, mag weet dat God ons veel meer sal gee as wat ons bid of dink.

Sing: Skrifberyming 28b (Die Onse Vader) Prof BJ de Klerk (Teologiese Skool Potchefstroom)